Die Vestiging van die NHN Tuinroete:

# *'n Nuwe Hoofstuk in die Soeke na Betekenis*

Die Nuwe Hervorming Netwerk (NHN) het deur die jare 'n belangrike rol gespeel in die lewens van baie mense wat opsoek is na 'n meer betekenisvolle en relevante spiritualiteit. Soos die NHN se missie lui, streef hulle na oop gesprekke oor die realiteite en waardes van die 21ste eeu, fokus op die wese van menswees en samelewings, en bou op netwerk van mense wat waardes soos verantwoordelikheid, respek en diversiteit hoog ag.

Dit is dus nie verbasend dat die behoefte ontstaan het vir 'n NHN-teenwoordigheid in die pragtige Tuinroete van Suid-Afrika nie.

Die verhaal begin op die NHN se Facebook-blad waar Johan Brits op 13 Oktober 2023 'n eenvoudige maar kragtige vraag gevra het: "Kan ons 'n groep in Grootbrak omgewing begin? Mosselbaai/George?". Hierdie vraag, hoewel eenvoudig, het 'n vonk ontbrand. Dit het 'n resonansie gevind by mense in die Tuinroete wat 'n behoefte gevoel het aan 'n gemeenskap waar hulle vrylik kon dink, vrae kon stel, en dieper kon delf in die vrae van die lewe. Die reaksie was onmiddellik en positief. Mense het spontaan hul belangstelling uitgespreek en telefoonnommers uitgeruil.

Ronel Hugo het die inisiatief geneem en 'n WhatsApp-groep gestig. Hierdie digitale ontmoetingsplek het die basis gevorm vir 'n werklike byeenkoms.




Gedurende die tweede helfte van Oktober 2023 het 'n groep entoesiaste vir die eerste keer fisies ontmoet in die Ou Pastorie Restaurant in Groot Brakrivier. Hierdie eerste byeenkoms was 'n informele, maar betekenisvolle geleentheid. Hierdie was 'n begin van ‘n reis. Daar was besluit om weer te ontmoet en 'n volgende datum is vasgemaak. Boenie en Ina Louw het aangebied dat die tweede saamkuier by hul huis gehou kan word.

In Februarie 2024 het die opvolg byeenkoms plaasgevind, en 'n patroon van gereelde maandelikse ontmoetings het vinnig gevestig. Met uitsondering van 2 maande in 2024, het die groep in 2024 elke maand byeengekom. Die dinamika van die groep was gebou op wedersydse respek, belangstelling in die vrae van die lewe en die bereidwilligheid om oop en eerlike gesprekke te voer.

Die lede het aktief deelgeneem aan die organisasie van die byeenkomste. 'n Rotasie van onderwerpe en leierskap het ontstaan, waar individue hul persoonlike perspektiewe en kundigheid gedeel het. Die spektrum van onderwerpe wat bespreek is, was 'n weerspieëling van die NHN se breë fokus.



Con Meyer het die groep gelei op 'n reis na die oorsprong van godsdiens beoefening.
Dit het ingesluit ‘n beknopte oorsig oor die groot geskiedenis van ons heelal, vanaf die oerknal deur die belangrikste ontwikkelings van die kosmos, aarde en lewe. Dan vanaf die eerste godsdienste van Homo Sapiens naamlik animisme, die godsdienste oor die verskillende vastelande, die middel oosterse gelowe, tot die huidige moderne gelowe soos Mormonisme.



Con het ook by ‘n tweede geleentheid oor die brein en bewussyn sy insigte gedeel. Dit het die belangrikste fisiologiese areas van die brein beskou en die effek daarvan op ons optredes. Dan was daar oor die bewussyn gepraat, oor die kompleksiteit van bewussyn en die hoof teorieë oor wat bewussyn is. Dit het ingesluit verwysing na vroeë panpsigisme, alternatiewe vorme van bewussyn soos invloed van psigedeliese middels, naby-dood-ervarings en ook ‘n verduideliking hoe die insig in die moderne kwantum fisika moontlik hier ter sprake is.








Ronel Hugo het die groep geboei met stories van haar loopbaan in die onderwys in veraf lande soos Midde-Ooste in Verenigde Arabiese Emirate, Oman en ook Kazakhstan.

Die groep se monde het behoorlik oopgehang van alles wat sy in die vreemde wêreld beleef het.




Neels Borstlap het ook by geleenthede sy insigte met die groep gedeel oor die geologiese ontstaan van Suid-Afrika.

Hierdie verskeidenheid onderwerpe het die NHN Tuinroete gekenmerk as 'n ruimte waar mense hul intellektuele nuuskierigheid kon

bevredig en hul eie unieke perspektiewe kon deel. Die groep was nie net 'n samestelling van individue nie, maar 'n verrykende gemeenskap waar die gedeelde kennis en ervarings die geheel versterk het. Die NHN Tuinroete het vir hulself bewys dat die NHN missie werklik van toepassing is in hul eie lokale gemeenskap.

Januarie 2025 het die NHN Tuinroete 'n nuwe jaar begin met hernieude energie. Een van die hoogtepunte was 'n aanlyn gesprek met Sakkie Spangenberg, 'n sleutelfiguur in die NHN. Die bespreking het gesentreer op sy nuutste boek, "Die Bybel, Die Christelike Kerk en die Waarheid". Die byeenkoms was 'n bewys van die groep se groeiende impak, met 'n opkoms van 24 mense. Die groei van die groep is 'n aanduiding van die behoefte na die NHN gemeenskap in die Tuinroete.




Die NHN Tuinroete se planne vir 2025 sluit in die voortsetting van hul maandelikse byeenkomste. Die groep se entoesiasme en groei toon dat die behoefte aan 'n gemeenskap van gelykgesindes wat op 'n kritiese manier na die vrae van die lewe kyk, dringend en nodig is.

Die NHN Tuinroete het in sy kort bestaan 'n betekenisvolle impak op die mense van die Tuinroete gemaak. Hierdie groep is 'n bewys dat die NHN se missie relevant bly in die 21ste eeu. Die Tuinroete gemeenskap streef daarna om 'n veilige ruimte te skep vir oop gesprekke, 'n plek waar persoonlike groei en ontwikkeling gefasiliteer word, en 'n netwerk van ondersteuning gebou word.

Die NHN Tuinroete wil ook hiermee 'n boodskap van solidariteit aan die NHN-gemeenskap in Gauteng gestuur.

Die verhaal van die NHN Tuinroete is 'n voorbeeld van die krag van gemeenskap en die volharding in die soeke na waarheid.

*Neels Borstlap*